# Hiernamaals

## wat sê die Bybel?

## 3: DOOD EN DIE GELOWIGE

1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **260: In watter rivier het Johannes die Doper gedoop?** | | | |
| Jordaan | Tigris | Eufraat | Krit |
| **261: Wat, het Jesus gesê, gaan met die tempel gebeur?** | | | |
| Afgebreek word | Versier word | Ewig bly staan | Vergroot word |
| **262: Wat het ’n Fariseër verbaas toe Jesus by hom geëet het?** | | | |
| Jesus het nie hande gewas nie | Jesus het beesvleis geëet | Jesus het ’n lam man genees | Jesus het nie sy kos geëet nie |
| **263: Die stad waar die Israeliete verslaan is as gevolg van die sonde van Akan** | | | |
| Gorma | Jerigo | Jerusalem | Ai |
| **264: Watter boek is voor Rigters?** | | | |
| Eksodus | Josua | Rut | 2 Samuel |
| **265: Waar het Johannes gedoop toe sy dissipels met die Jode geargumenteer het?** | | | |
| Enon | Jerigo | Sukkot | Bet-San |
| **266: Wie het beswaar gemaak toe die vrou duur salf op Jesus wou gebruik?** | | | |
| Judas | Tomas | Petrus | Jakobus |

2

| | | | |
|---|---|---|---|
| **260: In watter rivier het Johannes die Doper gedoop?** | | | |
| A: Markus 1:5 | Tigris | Eufraat | Krit |
| **261: Wat, het Jesus gesê, gaan met die tempel gebeur?** | | | |
| A: Lukas 21:6 | Versier word | Ewig bly staan | Vergroot word |
| **262: Wat het 'n Fariseër verbaas toe Jesus by hom geëet het?** | | | |
| Jesus het nie hande gewas nie A: Lukas 11:38 | Jesus het beesvleis geëet | Jesus het 'n lam man genees | Jesus het nie sy kos geëet nie |
| **263: Die stad waar die Israeliete verslaan is as gevolg van die sonde van Akan** | | | |
| Gorma | Jerigo | Jerusalem | D: Josua 7:4 |
| **264: Watter boek is voor Rigters?** | | | |
| Eksodus | B: Josua | Rut | 2 Samuel |
| **265: Waar het Johannes gedoop toe sy dissipels met die Jode geargumenteer het?** | | | |
| A: Johannes 3:23 | Jerigo | Sukkot | Bet-San |
| **266: Wie het beswaar gemaak toe die vrou duur salf op Jesus wou gebruik?** | | | |
| A: Johannes 12:4 | Tomas | Petrus | Jakobus |

3

1: Is die dood 'n blote natuurverskynsel? Wat is die Bybelse rede vir die dood?

Nee!

**Genesis 2:16** Die Here God het die mens beveel: "Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, 17 maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."

God gee aan die mens een enkele proefgebod wat hy moet gehoorsaam – wat hy uiteindelik nie doen nie.

Dood word 'n realiteit met die moord op Abel.

Onderskei die liggaamlike dood en die geestelike dood.

Met die dood skei liggaam en gees: Liggaam keer terug na die aarde en die siel na God (Prediker 12:7

Geestelike dood is as jou siel dood is, m.a.w. nie uitverkies is nie.

4

## 2: Wat moet die Christen se houding teenoor die dood wees?

Dood is die gevolg van die sonde.

Dood is teen die skeppingsdoel van God.

Dood gaan soms met siekte en pyn gepaard.

Dood is die deurgang na God.

Dood is nie die straf op sonde nie.

Dood kan my nie skei van die liefde van God in Christus nie.

5

## 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- Psalm 116:

3 Bande van die dood het my omring, en angste van die doderyk het my getref; ek het benoudheid en kommer gevind.
4 Maar ek het die Naam van die HERE aangeroep: Ag, HERE, red my siel.
5 Die HERE is genadig en regverdig, en onse God is 'n ontfermer.
6 Die HERE bewaar die eenvoudiges; ek het swak geword, maar Hy het my gehelp.
7 My siel, keer terug tot jou rus; want die HERE het goed aan jou gedoen.

Die mens het 'n oorlewingsdrang as jou lewe bedreig word. Vrees is 'n natuurlike verskynsel.

Wie naby aan die Here leef, WEET Hy is die lewe-gewer

Wie die redding van die Here glo, kry berusting

6

## 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- Psalm 116:

8 Want U het my siel gered van die dood, my oog van trane, my voet van struikeling.
9 Ek sal wandel voor die aangesig van die HERE in die lande van die lewendes.

Wie glo in die redding van die Here, ervaar Sy troos en beskerming en leef elke dag uit Sy genade.

15 Kosbaar is in die oë van die HERE die dood van sy gunsgenote.

Wat is jou waarde in God se oë?

Sy Seun se lewe. Die gevolg is dat wanneer jy sterf, Hy jou na Hom terugbring omdat Jesus vir jou gesterf het.

7

## 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- Lukas 16

22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. 23 En
die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in
smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. 24 En hy roep en sê: Vader
Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan
insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. 25 Maar Abraham antwoord:
Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou
word hy getroos, maar jy ly smarte. 26 En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof
gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na
ons kan oorkom nie.

Intieme teenwoordigheid by God

Kan uit die hel die hemel inkyk – maar daar is geen redding / verlore gaan na die dood

8

## 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- Lukas 23:

Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!"
[40] Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! [41] In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie." [42] Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."
[43] Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."
[44] Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; [45] die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur. [46] Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor."[3]
Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas.

Psalm 31:6
In u hande gee ek my lewe oor,
want, Here, troue God, U het my vrygemaak.

9

## 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- Johannes 14:

"Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2] In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3] En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. [4] En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan."
[5] Tomas sê toe vir Hom: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?"
[6] Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. [7] As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."

Wanneer?

- Wederkoms? – Wat van Lukas 16:23 / 23:46?

Hoe?

- Kruisdood. Volkome versoening.

# Ons plek IS gereed

10

## 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- 2 Timoteus 4:

[6] Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur. [7] Ek het die goeie
wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. [8] Nou wag die oorwinnaarskroon vir my,
die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie,
maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.

Die dan van my dood OF die dag van die wederkoms. Sien 1 Tessalonisense 4

11

## 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- Filippense 1:

Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, [21]
want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. [22] As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met
vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. [23] Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met
Christus te wees, want dit is verreweg die beste; [24] maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe

Ons moet in ons dood Christus kan verheerlik!

Dood is en mag nooit vir jou voel dat jy verloor nie

Gelukkig is die keuse nie ons s'n nie, die dood mag nooit ons keuse wees nie (selfmoord).

Dood is die deurgang na God – waar die vrede volkome is.

12

# 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- 2 Korintiërs 5:

[1] Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het.
Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan. [2] Terwyl ons in die tentwoning
leef, sug ons, want ons verlang daarna dat ons woning uit die hemel ons sal oordek. [3] Ons wil nie ontklee wees en naak
voor God staan nie. [4] Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam
afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die
lewe. [5] Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.
[6] Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, [7]
want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. [8] Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by
die Here gaan woon. [9] Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil. [10]
Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy
aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad.

Tydelik teenoor ewig. Die probleem is dat binne ons verwysingsraamwerk ons vashou aan wat ons ken

Bekend teenoor onbekend

God gee die kennis, en deur die Heilige Gees ook die berusting

Dit is beter by God, al is dit vir ons onbekend.

13

# 3: Wat is die troos oor die dood in die volgende gedeeltes?

- 1 Tessalonisense 4:

[13] Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook
nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. [14] Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan
het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.
[15] Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die
ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. [16] Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die
trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die
dood opstaan; [17] daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here
tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.
[18] Troos mekaar dan met hierdie woorde.

Ons kan net opstaan omdat Jesus opgestaan het.

Wie reeds gesterf het, is bewustelik by God

Dis nie beter – of slegter – vir enige iemand met die wederkoms nie.

Grafte gaan oop – liggaam en siel herenig.

Wie leef met die wederkoms se liggaam word in 'n oogwink verewig.

Altyd by die Here – nooit weer uitgesluit of geskei van God nie

14

## 4: Wat is die siel van die mens?

Die mens IS 'n siel.

Liggaam en siel is een. Ons ONDERSKEI hulle van mekaar, maar skei dit nie.

Prediker 12:7 die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

By die dood skei liggaam en siel, en by die wederkoms word dit herenig.

15